the Minister and after consultation with the Directors of Public Prosecutions referred to in section 13 of that Act, must issue directives regarding the institution of prosecutions in respect of any offence arising out of this Act.

(b) The Minister must submit any directives issued in terms of paragraph *(a)* to Parliament before those directives take effect.

(2) *(a)* The National Commissioner of the South African Police Service referred to in section 6 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), must issue national instructions as provided for in section 25 of that Act, with which its members must comply in the execution of their functions in terms of this Act, and any instructions so issued must be published in the *Gazette*.

(b) The Cabinet member responsible for policing must submit any national instructions issued in terms of paragraph *(a)* to Parliament before those instructions take effect.

(3) *(a)* The Director-General: Justice and Constitutional Development must issue directives which clerks of the court must comply with in the execution of their functions in terms of this Act, and any directives so issued must be published in the *Gazette*.

(b) The Director-General: Justice and Constitutional Development must submit any directives issued in terms of paragraph *(a)* to Parliament before those directives take effect.

(4) The directives and instructions referred to in this section must provide that adequate disciplinary steps will be taken against a prosecutor or police official who fails to comply with any directive or instruction, as the case may be.

(5) Any directive or instruction issued under this section may be amended or withdrawn in like manner.

Repeal and amendment of laws

18. The laws specified in the Schedule are hereby amended to the extent set out in the third column of the Schedule.

Short title and commencement

19. This Act is called the Protection from Harassment Act, 2010, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

oorleg met die Minister en na oorleg met die Direkteure van Openbare Vervolgings bedoel in artikel 13 van daardie Wet, voorskrifte uitreik betreffende die instelling van vervolgings ten opsigte van enige misdryf wat uit hierdie Wet voortspruit.

(b) Die Minister moet enige voorskrifte wat kragtens paragraaf *(a)* uitgevaardig is aan die Parlement voorlê voordat sodanige voorskrifte in werking tree.

(2) *(a)* Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens bedoel in artikel 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), moet nasionale instruksies uitreik soos bepaal in artikel 25 van daardie Wet, wat deur sy lede by die uitvoering van hulle werksaamhede ingevolge hierdie Wet nagekom moet word, en enige instruksies aldus uitgereik, moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

(b) Die lid van die Kabinet verantwoordelik vir polisiëring moet enige nasionale instruksies wat ingevolge paragraaf *(a)* uitgevaardig is aan die Parlement voorlê voordat sodanige instruksies in werking tree.

(3) *(a)* Die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling moet voorskrifte uitreik wat deur klerke van die hof nagekom moet word in die uitvoering van hulle pligte kragtens hierdie Wet, en enige voorskrifte aldus uitgevaardig moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

(b) Die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling moet enige voorskrifte wat ingevolge paragraaf *(a)* uitgevaardig is aan die Parlement voorlê voordat sodanige instruksies in werking tree.

(4) Die voorskrifte en instruksies in hierdie artikel bedoel, moet voorsiening maak dat voldoende dissiplinêre stappe gedoen sal word teen 'n aanklaer of polisiebeampte wat versuim om aan enige voorskrif of instruksie, na gelang van die geval, te voldoen.

(5) Enige voorskrif of instruksie wat kragtens hierdie artikel uitgereik word kan op soortgelyke wyse gewysig of ingetrek word.

Herroeping en wysiging van wette

18. Die wette in die Bylae genoem, word hierby gewysig in die mate uiteengesit in die derde kolom van die Bylae.

Kort titel en inwerkingtreding

19. Hierdie Wet heet die Wet op Beskerming teen Teistering, 2010, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

SCHEDULE

(Section 18)

No. and year of law	Short title	Extent of amendment
Act No. 56 of 1955	Criminal Procedure Act, 1955	**1.** Amendment of section 384 by— *(a)* the substitution for subsection (1) of the following subsection: "(1) Whenever a complaint on oath is made to a magistrate that any person is conducting himself or herself violently towards, or is threatening injury to the person or property of another or that he or she has used language or behaved in a manner towards another likely to provoke a breach of the peace or assault, then, whether such conduct occurred or such language was used or such threat was made in a public or private place, the magistrate **[may]** must order such person to appear before him or her and, if necessary, may cause him or her to be arrested and brought before him or her, and thereupon the magistrate shall enquire into and determine upon such complaint and may place the parties or any witnesses thereat on oath and **[in his discretion may]** must, if he or she finds, on a balance of probabilities, that the person against whom the complaint is made did act as is alleged in the complaint, order **[the]** that person **[against whom the complaint is made]** to give recognisances with or without sureties in an amount not exceeding **[R2 000]** the amount determined by the Cabinet member responsible for the administration of justice from time to time by notice in the *Gazette* for a period not exceeding six months to keep the peace towards the complainant and refrain from doing or threatening injury to his or her person or property.";

BYLAE

(Artikel 18)

No. en jaar van wet	**Kort titel**	**Omvang van wysiging**
Wet No. 56 van 1955	Strafproseswet, 1955	**1.** Wysiging van artikel 384 deur— *(a)* die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel: "(1) Wanneer daar by 'n magistraat 'n klagte onder eed ingedien word dat iemand geweld teenoor 'n ander gebruik, of dreig om hom <u>of haar</u> liggaamlike letsel toe te dien of om sy <u>of haar</u> eiendom te beskadig, of dat hy <u>of sy</u> teenoor 'n ander taal gebesig het, of homself <u>of haarself</u> teenoor 'n ander gedra het op 'n wyse wat waarskynlik 'n vredebreuk of aanranding tot gevolg sal hê, dan **[kan]** <u>moet</u> die magistraat, hetsy sodanige gedrag of taal plaasgevind het of gebesig is of sodanige dreigemente geuit is in 'n openbare of 'n private plek, daardie persoon gelas om voor hom <u>of haar</u> te verskyn en indien nodig hom <u>of haar</u> in hegtenis laat neem en voor hom <u>of haar</u> laat bring, en die magistraat moet dan omtrent daardie klagte ondersoek instel en daaroor beslis, en kan die partye of enige getuies daarby betrokke die eed oplê en **[kan]** <u>moet</u> die persoon teen wie die klagte ingedien is, **[na goeddunke]** <u>indien hy of sy bevind, op 'n oorwig van waarskynlikhede, dat die persoon teen wie die klagte ingedien is, opgetree het soos in die klagte beweer is,</u> gelas om 'n borgakte, met of sonder borge, ten bedrae van hoogstens **[R2 000]** <u>die bedrag wat deur die lid van die Kabinet wat verantwoordelik is vir die regspleging van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal word</u> en ten opsigte van 'n tydperk van hoogstens ses maande aan te gaan as sekerheid dat hy <u>of sy</u> die vrede sal bewaar teenoor die klaer, en hom <u>of haar</u> sal weerhou van die toediening van liggaamlike letsel aan die klaer of dreigemente te dien effekte, of die beskadiging van sy <u>of haar</u> eiendom of dreigemente te dien effekte.";

No. and year of law	Short title	Extent of amendment
		(b) the substitution for subsection (2) of the following subsection: ''(2) The magistrate may, upon such enquiry, make an order **[the person against whom the complaint is made or the complainant to pay the costs of and incidental to the enquiry]** as to costs against any party if he or she is satisfied that the party in question has acted frivolously, vexatiously or unreasonably.''; and *(c)* the addition of the following subsection: ''(5) *(a)* The magistrate may, in the prescribed manner and at any stage of proceedings under this section, cause to be subpoenaed any person as a witness at those proceedings, if the evidence of that person appears to the magistrate essential for the proceedings. *(b)* A witness who is subpoenaed as provided for in paragraph *(a)*, must attend the proceedings and remain in attendance at the proceedings, and a person who is in attendance at any proceedings under this section, though not subpoenaed as a witness, and who is warned by the magistrate to remain in attendance at the proceedings, must remain in attendance at the proceedings, unless he or she is excused by the magistrate. *(c)* Any person who is subpoenaed to attend proceedings as provided for in paragraph *(a)* and who fails to attend or to remain in attendance and any person who is warned by the magistrate to remain in attendance at those proceedings and who fails to remain in attendance, and any person so subpoenaed or so warned who fails to appear at the place and on the date and at the time to which the proceedings in question may be adjourned or who fails to remain in attendance at those proceedings as so adjourned, is guilty of an offence and is liable on conviction to a fine or to imprisonment not exceeding three months.''.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van wysiging
		(b) die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel: "(2) By so 'n ondersoek kan die magistraat **[die persoon teen wie die klagte ingedien is of die klaer gelas om die koste van en verbonde aan die ondersoek te betaal]** 'n bevel maak ten opsigte van koste teen enige party as hy of sy tevrede is dat 'n party op 'n beuselagtige, kwelsugtige of onredelike wyse opgetree het."; en *(c)* die byvoeging van die volgende subartikel: "(5) *(a)* Die magistraat kan, op die voorgeskrewe wyse en op enige stadium van die verrigtinge kragtens hierdie artikel, enigiemand laat dagvaar as 'n getuie by die verrigtinge, indien dit vir die magistraat blyk dat die getuienis van daardie persoon noodsaaklik is vir die verrigtinge. *(b)* 'n Getuie wat gedagvaar is soos in paragraaf *(a)* bepaal, moet die verrigtinge bywoon en teenwoordig bly by die verrigtinge, en iemand wat teenwoordig is by enige verrigtinge kragtens hierdie artikel, wat nie gedagvaar is as 'n getuie nie, en wat deur die hof gewaarsku word om teenwoordig te bly by die verrigtinge, moet teenwoordig bly by die verrigtinge, tensy hy of sy deur die magistraat verskoon word. *(c)* Enigiemand wat gedagvaar word om verrigtinge by te woon soos in paragraaf *(a)* bepaal en wat versuim om die verrigtinge by te woon of om teenwoordig te bly en enigiemand wat deur die hof gewaarsku is om teenwoordig te bly by daardie verrigtinge en wat versuim om teenwoordig te bly, en enigiemand wat aldus gedagvaar of gewaarsku word wat versuim om te verskyn by die plek en op die datum of die tyd waarna die betrokke verrigtinge verdaag mag word of wat versuim om teenwoordig te bly by daardie verrigtinge wat aldus verdaag is, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens drie maande.".

No. and year of law	Short title	Extent of amendment
Act No. 51 of 1977	Criminal Procedure Act, 1977	**1.** Amendment of section 60 by— *(a)* the insertion after paragraph *(f)* of subsection (7) of the following paragraph: "*(f*A*)* the view of any person against whom an offence was allegedly committed regarding his or her safety;"; *(b)* the substitution for subsection (10) of the following subsection: "(10) Notwithstanding the fact that the prosecution does not oppose the granting of bail, the court has the duty, contemplated in subsection (9), to weigh up the personal interests of the accused against the interests of justice: Provided that the interests of justice should be interpreted to include, but not be limited to, the safety of any person against whom the offence has allegedly been committed."; and *(c)* the substitution for subsection (12) of the following subsection: "(12) The court may make the release of an accused on bail subject to conditions which, in the court's opinion, are in the interests of justice: Provided that the interests of justice should be interpreted to include, but not be limited to, the safety of any person against whom the offence has allegedly been committed.".
Act No. 116 of 1998	Domestic Violence Act, 1998	**1.** Insertion of the following section after section 4: "**Attendance of witnesses** **4A.** (1) The court may, in the prescribed manner and at any stage of proceedings under this Act, cause to be subpoenaed any person as a witness at those proceedings, if the evidence of that person appears to the court essential to the just decision of the case.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van wysiging
Wet No. 51 van 1977	Strafproseswet, 1977	**1.** Wysiging van artikel 60 deur— *(a)* na paragraaf *(f)* van subartikel (7) die volgende paragraaf in te voeg: "*(f*A*)* die siening van enigiemand teen wie 'n misdryf na bewering gepleeg is ten opsigte van sy of haar veiligheid."; *(b)* die vervanging van subartikel (10) deur die volgende subartikel: "(10) Ondanks die feit dat die vervolging nie die verlening van borgtog teenstaan nie, het die hof die verpligting, beoog in subartikel (9), om die persoonlike belange van die beskuldigde teen die belang van geregtigheid op te weeg: Met dien verstande dat die belang van geregtigheid geïnterpreteer moet word, maar nie daartoe beperk moet word nie om die veiligheid van enigiemand teen wie 'n misdryf na bewering gepleeg is, in te sluit"; en *(c)* die vervanging van subartikel (12) deur die volgende subartikel: "(12) Die hof kan die vrylating van 'n beskuldigde op borgtog onderworpe stel aan voorwaardes wat na die oordeel van die hof in die belang van geregtigheid is: Met dien verstande dat die belang van geregtigheid geïnterpreteer moet word, maar nie daartoe beperk moet word nie, om die veiligheid van enigiemand teen wie 'n misdryf na bewering gepleeg is, in te sluit.".
Wet No. 116 van 1998	Wet op Gesinsgeweld, 1998	**1.** Invoeging van die volgende artikel na artikel 4: "**Bywoning van getuies** **4A.** (1) Die hof kan, op die voorgeskrewe wyse en op enige stadium van die verrigtinge kragtens hierdie Wet, enigiemand laat dagvaar as 'n getuie by daardie verrigtinge, indien dit vir die hof blyk dat die getuienis van daardie persoon noodsaaklik is vir die regverdige beregting van die saak.

No. and year of law	Short title	Extent of amendment
		(2) A witness who is subpoenaed as provided for in subsection (1), must attend the proceedings and remain in attendance at the proceedings, and a person who is in attendance at any proceedings under this Act, though not subpoenaed as a witness, and who is warned by the court to remain in attendance at the proceedings, must remain in attendance at the proceedings, unless he or she is excused by the court. (3) Any person who is subpoenaed to attend proceedings as provided for in subsection (1) and who fails to attend or to remain in attendance and any person who is warned by the court to remain in attendance at those proceedings and who fails to remain in attendance, and any person so subpoenaed or so warned who fails to appear at the place and on the date and at the time to which the proceedings in question may be adjourned or who fails to remain in attendance at those proceedings as so adjourned, is guilty of an offence and is liable on conviction to a fine or to imprisonment not exceeding three months.''.
Act No. 60 of 2000	Firearms Control Act, 2000	**1.** Amendment of section 102 by the insertion after paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph: ''*(a*A*)* a final protection order has been issued against such person in terms of the Protection from Harassment Act, 2010);''. **2.** Amendment of Schedule 2 by the insertion after paragraph *(d)* of item 7 of the following paragraph: ''*(e)* in terms of the Protection from Harassment Act, 2010).''.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van wysiging
		(2) ’n Getuie wat gedagvaar is soos in subartikel (1) bepaal, moet die verrigtinge bywoon en teenwoordig bly by die verrigtinge, en iemand wat teenwoordig is by enige verrigtinge kragtens hierdie Wet, wat nie gedagvaar is as ’n getuie nie, en wat gewaarsku word deur die hof om teenwoordig te bly by die verrigtinge, moet teenwoordig bly by die verrigtinge, tensy hy of sy deur die hof verskoon word. (3) Enigiemand wat gedagvaar word om verrigtinge by te woon soos in subartikel (1) bepaal en wat versuim om die verrigtinge by te woon of om teenwoordig te bly en enigiemand wat deur die hof gewaarsku is om teenwoordig te bly by daardie verrigtinge en wat versuim om teenwoordig te bly en enigiemand wat aldus gedagvaar of gewaarsku word wat versuim om te verskyn by die plek en op die datum en op die tyd waarna die betrokke verrigtinge verdaag mag word of wat versuim om teenwoordig te bly by daardie verrigtinge wat aldus verdaag is, is skuldig aan ’n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete of met gevangenisstraf van hoogstens drie maande.’’.
Wet No. 60 van 2000	Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000	**1.** Wysiging van artikel 102 deur die invoeging na paragraaf *(a)* van subartikel (1) van die volgende paragraaf: ‘‘*(a*A*)* ’n finale beskermingsbevel teen sodanige persoon uitgereik is kragtens die Wet op Beskerming teen Teistering, 2010);’’. **2.** Wysiging van Bylae 2 deur die invoeging na paragraaf *(d)* van Item 7 van die volgende paragraaf: ‘‘*(e)* ingevolge die Wet op Beskerming teen Teistering, 2010).’’.

MEMORANDUM ON THE OBJECTS OF THE PROTECTION FROM HARASSMENT BILL, 2010

1. PURPOSE OF BILL

The Protection from Harassment Bill, 2010, provides primarily for the granting of a protection order against harassment. The Bill also seeks to effect certain amendments to other legislation. Firstly an amendment is sought to the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955), which is aimed at improving the process of granting peace orders by giving the magistrate the authority to subpoena witnesses in proceedings and to provide for the increase in the amount of recognisances by way of regulations. Secondly, an amendment is sought to the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), to make provision for an additional consideration that must be taken into account in bail proceedings. Thirdly, an amendment to the Domestic Violence Act, 1998 (Act No. 116 of 1998), seeks to provide for a mechanism to subpoena witnesses to attend proceedings in a domestic violence matter. The strategic focus of the Bill is transforming justice, state and society and access to justice. The Bill will also contribute to the fight against violence against women and children.

2. BACKGROUND

The Bill emanates from an investigation by the South African Law Reform Commission (SALRC) into stalking behaviour. The SALRC report on the matter contains legislative proposals (Project 130). According to the SALRC, the existing civil law framework, namely an interdict, and criminal law framework, namely the punishing of stalking conduct as a crime or the prohibition thereof by means of a binding over of a person to keep the peace in terms of section 384 of the Criminal Procedure Act, 1955, may not provide adequate recourse to victims of stalking who are not in a domestic relationship. The SALRC was therefore of the view that legislation should be enacted to specifically cater for a civil remedy against stalking.

3. OBJECTS OF BILL

3.1 **Clause 1(1)** contains a few self-explanatory definitions. Of importance is the definition of ''harassment'' which, briefly, means to directly or indirectly engage in conduct that causes harm or inspires the reasonable belief that harm may be caused to the complainant or a related person by unreasonably following, watching or pursuing the complainant or a related person, or engaging in verbal, electronic or any other communication aimed at the complainant or a related person, by any means, whether or not conversation ensues or sending, delivering or causing the delivery of letters, telegrams, packages, facsimiles, electronic mail or other objects to the complainant or a related person. ''Harm'' is widely defined to mean any mental, psychological, physical or economic harm.

Clause 1(2) spells out the concurrent application of the Bill with the Domestic Violence Act, 1998, by providing that the Bill does not prevent a person who may apply for relief against harassment or stalking in terms of the Domestic Violence Act, 1998, from applying for relief in terms of the Bill.

3.2 **Clause 2**, *inter alia*, provides that an application for a protection order must be brought in the prescribed manner to a magistrate's court by lodging the application and supporting affidavits with the clerk of the court. The complainant himself or herself may bring the application for a protection order. Another person who has a material interest in the well-being of the complainant may bring the application on behalf of the complainant, with the complainant's written consent. An application may also be brought on behalf of a child without the parent's or guardian's consent. Provision is also made for the clerk of the court to assist a complainant who is not legally represented, with his or her application, and to inform the complainant, where applicable, of his or her right to lodge a criminal complaint against the respondent. An application for a

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP OP BESKERMING TEEN TEISTERING, 2010

1. DOEL VAN WETSONTWERP

Die Wetsontwerp op Beskerming teen Teistering, 2010, maak hoofsaaklik voorsiening vir die verlening van ’n beskermingsbevel teen teistering. Die Wetsontwerp beoog ook wysigings aan ander wetgewing. Eerstens word ’n wysiging aan die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), versoek wat gerig is op die verbetering van die proses by die toestaan van ’n verpligting om die vrede te bewaar deur aan landdroste die bevoegdheid te verleen om getuies te dagvaar in verrigtinge en om voorsiening te maak vir ’n verhoging van die bedrag wat as borg gestel kan word by wyse van regulasies. Tweedens word ’n wysiging aan die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 of 1977), versoek om voorsiening te maak vir addisionele faktore wat in ag geneem moet word by die oorweging van borgverrigtinge. Derdens word ’n wysiging aan die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998), versoek om voorsiening te maak vir ’n meganisme om getuies te dagvaar om verrigtinge wat in verband staan met gesinsgeweld by te woon. Die strategiese fokus van die Wetsontwerp is gerig op die transformering van die regspleging, die staat en die gemeenskap en toegang tot regspleging. Die Wetsontwerp sal ook bydra tot die stryd teen geweld teen vrouens en kinders.

2. AGTERGROND

Die Wetsontwerp spruit voort uit ’n ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie (SAR) oor agtervolgingsgedrag. Die SAR se verslag oor die aangeleentheid bevat wetgewende voorstelle (Projek 130). Volgens die SAR mag die huidige siviele reg-raamwerk, naamlik ’n interdik, en die strafreg-raamwerk, naamlik die bestraffing van agtervolgingsgedrag as ’n misdryf of die verbieding daarvan deur middel van ’n oplegging van verpligting om vrede te bewaar kragtens artikel 384 van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), nie voldoende toevlug bied aan slagoffers van agtervolgingsgedrag wat nie in ’n gesinsverhouding is nie. Die SAR is daarom van mening dat wetgewing verorden behoort te word om spesifiek vir ’n remedie teen agtervolgings gedrag voorsiening te maak.

3. OOGMERKE VAN WETSONTWERP

3.1 **Klousule 1(1)** bevat ’n aantal selfverduidelikende omskrywings. Van belang is die omskrywing van ‘‘teistering’’ wat kortliks beteken om regstreeks of onregstreeks mee te doen aan gedrag wat leed veroorsaak of ’n redelike geloof inboesem dat leed veroorsaak kan word aan die klaer of ’n verwante persoon deur die onredelike agtervolging, dophou, najaging van die klaer of ’n verwante persoon, of die meedoen aan verbale, elektroniese of enige ander kommunikasie wat aan die klaer of ’n verwante persoon gerig is op enige wyse, ongeag of ’n gesprek daaruit voortvloei, of die stuur, aflewering of reël van aflewering van briewe, telegramme, pakkette, faksimilees, elektroniese pos of ander voorwerpe aan die klaer of ’n verwante persoon. ‘‘Leed’’ is wyd omskryf as geestelike, psigologiese of fisiese leed of ekonomiese skade.

Klousule 1(2) spel die konkurrente toepassing van die Wetsontwerp met die Wet op Gesinsgeweld, 1998, uit deur voorsiening te maak dat die Wetsontwerp nie ’n persoon wat aansoek doen vir verligting teen teistering of agtervolging kragtens die Wet op Gesinsgeweld, 1998, verhoed om aansoek te doen vir verligting kragtens die Wetsontwerp nie.

3.2 **Klousule 2** bepaal, *inter alia*, dat ’n aansoek vir ’n beskermingsbevel op die voorgeskrewe wyse aan ’n landdroshof gedoen mag word deur die indiening van die aansoek en ondersteunende beëdigde verklarings by die klerk van die hof. Die klaer kan persoonlik die aansoek vir ’n beskermingsbevel bring. ’n Ander persoon wat ’n wesenlike belang in die welstand van die klaer het, mag ’n aansoek bring namens die klaer, met die klaer se skriftelike toestemming. ’n Aansoek mag ook gebring word namens ’n kind sonder die toestemming van dié se ouers of voog. Voorsiening word ook gemaak dat die klerk van die hof die klaer, wat nie regsverteenwoordiging het nie, moet bystaan in die maak van sy of haar aansoek en om die klaer in te lig waar toepaslik, van sy of haar reg om ’n kriminele aanklag teen die respondent aanhangend te maak. ’n Aansoek vir ’n beskermingsbevel mag buite gewone hofure gebring word indien die hof

protection order may be brought outside ordinary court hours if the court is satisfied that the complainant may suffer harm if the matter is not dealt with immediately.

3.3 **Clause 3** makes provision for the issuing of an interim protection order by a magistrate's court against the respondent notwithstanding the fact that the respondent has not been given notice of the proceedings. The court must be satisfied that there is *prima facie* evidence that—

(a) the respondent is engaging or has engaged in harassment;

(b) harm is or may be suffered by the complainant as a result of such conduct if a protection order is not issued immediately; and

(c) the protection to be accorded by the interim order is likely not to be achieved if prior notice of the application is given to the respondent.

This interim protection order, together with the record of evidence, must be served on the respondent and must call on the respondent to show cause on the return date why a final protection order should not be issued against him or her. An interim protection order takes effect the moment it is served on the respondent and the clerk of the court must ensure that a certified copy of the interim protection order and the original warrant of arrest is served on the complainant. If the court decides not to issue an interim protection order, the clerk of the court must cause certified copies of the application and supporting affidavits to be served on the respondent, together with a notice calling on the respondent to show cause on the return date specified in the notice why a protection order should not be issued.

3.4 **Clause 4** creates a mechanism in terms of which witnesses can be subpoenaed or warned to attend court proceedings.

3.5 The court may, in terms of **clause 5**, of its own accord or at the request of a complainant, order that proceedings be held behind closed doors and may also exclude persons from attending proceedings where the witness is a child.

3.6 **Clause 6** provides for the issuing of a final protection order. If the respondent does not appear on the return date and there is *prima facie* evidence that the respondent has harassed the complainant, the court must issue a final protection order. If the respondent appears on the return date in order to oppose the issuing of a final protection order, the court must hear the matter and issue a final protection order if it finds, on a balance of probabilities, that the respondent has engaged or is engaging in harassment. If a court issues a final protection order, the clerk of the court, sheriff or peace officer identified by the court must cause the original of such order to be served on the respondent and a certified copy of such order and the original warrant of arrest must be served on the complainant.

3.7 **Clause 7** provides for the court's powers in respect of a protection order. A protection order by a court must prohibit harassment of the complainant. The court may also impose additional conditions necessary to provide for the safety and well-being of the complainant, *inter alia*, that an arm or dangerous weapon in the possession of or under the control of the respondent be seized or that a complainant be accompanied by a peace officer to collect personal property or that the harassment be investigated by the South African Police Service (SAPS) with the view to the possible institution of a criminal prosecution. Provision is further made that the physical, home and work address of the complainant may be omitted from the protection order.

3.8 In terms of **clause 8**, when an interim or final protection order is granted, a warrant of arrest will be issued for the respondent. The execution thereof will be suspended, pending non-compliance with a condition of the protection order. If a condition of the protection order is contravened the complainant may hand the warrant of arrest, together with an affidavit in which the contravention is set out, to a member of the SAPS. The warrant must then be executed by the member who must arrest the harasser if imminent harm to the complainant may result from a breach of a condition of the protection order. A warrant may also, in certain instances, be executed by handing over a written notice to the harasser to appear in court.

3.9 **Clause 9** makes provision that the court may order a member of the SAPS to seize any arm or dangerous weapon in the possession of or under the control of the respondent

oortuig is dat die klaer of verwante persoon leed aangedoen kan word indien die aansoek nie onmiddellik gehanteer word nie.

3.3 **Klousule 3** maak voorsiening vir die uitreiking van 'n tussentydse beskermingsbevel deur 'n landdroshof teen die respondent ongeag van die feit dat die respondent geen kennis gegee is van die verrigtinge nie. Die hof moet oortuig wees dat daar *prima facie* bewys is dat—

(a) die respondent aan teistering meedoen of meegedoen het;

(b) die klaer of verwante persoon leed ly of kan ly as gevolg van daardie gedrag indien 'n beskermingsbevel nie onmiddellik uitgereik word nie; en

(c) die beskerming wat verleen moet word deur die tussentydse beskermingsbevel waarskynlik nie verwesenlik sal word indien voorafgaande kennisgewing van die aansoek aan die respondent gegee word nie.

Die tussentydse beskermingsbevel, tesame met die oorkonde van getuienis, moet aan die respondent beteken word en moet die respondent aansê om op die keerdatum in die bevel gespesifiseer, redes aan te voer waarom 'n finale beskermingsbevel nie teen hom of haar gegee moet word nie. 'n Tussentydse beskermingsbevel het regskrag vanaf die oomblik waarop dit op die respondent beteken is en die klerk van die hof moet onverwyld 'n gesertifiseerde afskrif van die tussentydse beskermingsbevel en die oorspronklike lasbrief vir inhegtenisname aan die klaer laat beteken. Indien die hof nie 'n tussentydse beskermingsbevel uitreik nie, moet die klerk van die hof gewaarmerkte afskrifte van die aansoek en enige ondersteunende beëdigde verklarings op die voorgeskrewe wyse aan die respondent beteken, tesame met 'n voorgeskrewe kennisgewing waarin die respondent aangesê word om op die keerdatum in die kennisgewing vermeld, redes aan te voer waarom 'n beskermingsbevel nie uitgereik moet word nie.

3.4 **Klousule 4** skep 'n meganisme waarkragtens getuies gedagvaar of gewaarsku kan word om hofverrigtinge by te woon.

3.5 Die hof kan, ingevolge **klousule 5**, uit eie beweging of op versoek van die klaer, beveel dat verrigtinge agter geslote deure mag plaasvind en mag ook persone uitsluit van bywoning van die verrigtinge waar die getuie 'n kind is.

3.6 **Klousule 6** maak voorsiening vir die verlening van 'n finale beskermingsbevel. Indien die respondent nie op die keerdatum verskyn nie en daar *prima facie* bewys is dat die respondent die klaer geteister het, moet die hof 'n finale beskermingsbevel verleen. As die respondent op die keerdatum verskyn om die uitreiking van die finale beskermingsbevel teen te staan, moet die hof die aangeleentheid aanhoor en 'n finale beskermingsbevel uitreik as dit op 'n oorwig van waarskynlikheid bevind dat die respondent aan teistering meegedoen het of daaraan meedoen. Indien die hof 'n finale beskermingsbevel uitreik, moet die klerk van die hof, balju of vredesbeampte geïdentifiseer deur die hof, die oorspronklike van die bevel aan die respondent beteken en 'n gesertifiseerde afskrif van die bevel, en die oorspronklike lasbrief tot inhegtenisname aan die klaer beteken.

3.7 **Klousule 7** maak voorsiening vir die bevoegdhede van die hof ten opsigte van 'n beskermingsbevel. 'n Beskermingsbevel deur 'n hof moet die teistering van die klaer verbied. Die hof kan ook enige bykomende voorwaardes wat dit redelikerwys nodig ag, oplê ten einde die veiligheid of welstand van die klaer te beskerm, *inter alia*, dat beslag gelê word op enige wapen of gevaarlike wapen wat in die besit of onder die beheer van die respondent is of dat 'n vredesbeampte die klaer vergesel om persoonlike eiendom af te haal of dat die teistering deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ondersoek moet word met die oog op die instel van moontlike strafregtelike vervolging. Voorsiening word verder gemaak dat die fisiese, huis- en werksadres van die klaer uit die beskermingsbevel weggelaat mag word.

3.8 Kragtens **klousule 8**, wanneer 'n tussentydse of finale beskermingsbevel verleen word, sal 'n lasbrief vir die inhegtenisname van die respondent gemagtig word. Die uitvoering van so 'n lasbrief sal opgeskort word, onderworpe aan die nie-nakoming van die beskermingsbevel. Indien 'n voorwaarde in 'n beskermingsbevel vervat oortree word, kan die klaer die lasbrief vir die inhegtenisneming, tesame met 'n beëdigde verklaring waarin die oortreding uiteengesit word, aan 'n lid van die SAPD oorhandig. Die lasbrief moet uitgevoer word deur die lid wat die teisteraar moet arresteer indien die klaer as gevolg van 'n verbreking van die beskermingsbevel aan dreigende leed blootstaan. 'n Lasbrief mag ook, in sekere omstandighede, uitgevoer word deur 'n skriftelike kennisgewing aan die teisteraar te oorhandig om in die hof te verskyn.

3.9 **Klousule 9** maak voorsiening dat die hof 'n lid van die SAPD kan beveel om beslag te lê op enige wapen of gevaarlike wapen in die respondent se besit of kontrole

and that a copy of the evidence so recorded be submitted to the National Commissioner of the SAPS for consideration in terms of the Firearms Control Act, 2000 (Act No. 60 of 2000).

3.10 **Clause 10** makes provision for the procedure for the variation or setting aside of the protection order.

3.11 **Clause 11** provides that any court within the area in which the complainant or respondent permanently or temporarily resides, carries on business or is employed or where the cause of action arose, has jurisdiction to issue a protection order. The clause also provides that a protection order is enforceable throughout the Republic.

3.12 **Clause 12** provides for the service of documents to take place in a manner prescribed by regulation, by a clerk of court, a sheriff or a peace officer or in a manner as the court may direct.

3.13 **Clause 13** provides that cost orders can be made against a person if such person acted frivolously, vexatiously or unreasonably.

3.14 **Clause 14** provides that the proceedings contemplated in the proposed Bill are subject to appeal and review.

3.15 **Clause 15** criminalises the following conduct:

(a) A contravention of the conditions of a protection order;

(b) the making of a false statement in respect of a contravention of a protection order; and

(c) the revealing of information of the complainant in contravention of a direction of a court.

3.16 **Clause 16** empowers the Minister to make regulations to regulate matters relevant to the implementation of the Bill.

3.17 **Clause 17**, *inter alia*, makes provision for the issuing of policy directives by the National Director of Public Prosecutions regarding the prosecution of offences and for the issuing of national instructions by the National Commissioner of the SAPS to regulate the conduct of police officials in terms of the proposed legislation. The directives and instructions must provide for disciplinary steps to be taken against a police officer or prosecutor for non-compliance therewith.

3.18 The Bill further proposes amendments to the following Acts:

(a) Section 384 of the Criminal Procedure Act, 1955, which deals with binding over of persons to keep the peace, is to be amended in order to enhance its efficacy. The amendments proposed relate, *inter alia*, to the burden of proof, the amount that must be paid as recognizances to keep the peace and a mechanism in terms of which witnesses can be subpoenaed or warned to attend court proceedings. These amendments are aimed at improving the procedure for the application for a peace order.

(b) Section 60 of the Criminal Procedure Act, 1977, which deals with bail applications, is to be amended to provide that the safety of any person against whom an offence has allegedly been committed, be taken into account in deciding whether an accused person should be released on bail.

(c) The Domestic Violence Act, 1998, is to be amended to create a mechanism in terms of which witnesses can be subpoenaed or warned to attend court proceedings. The aim of this provision is to improve the operation of that Act.

4. IMPLEMENTATION PLAN

The implementation of the Bill does not require detailed implementation plans.

5. DEPARTMENTS AND PARTIES CONSULTED

5.1 The SALRC published its Issue Paper and Discussion Paper on the Bill and invited comments. Responses were received from numerous stakeholders, among others from individual magistrates, the SAPS, the Department of Social Development, the National Prosecuting Authority, the Commission on Gender Equality, academics, members of the legal fraternity and representatives of various NGOs.

5.2 The Bill was also published for public comment in the *Gazette*. Comments were,

en dat ’n afskrif van die oorkonde van die betrokke verrigtinge aan die Nasionale Kommissaris van die SAPD gestuur word vir oorweging ingevolge die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000).

3.10 **Klousule 10** maak voorsiening vir die prosedure vir die wysiging of tersydestelling van ’n beskermingsbevel.

3.11 **Klousule 11** maak voorsiening dat enige hof waar die klaer of respondent permanent of tydelik woon, besigheid bedryf of in diens is of waar die eisoorsaak ontstaan het regsbevoegdheid het om ’n beskermingsbevel uit te reik. Die klousule bepaal verder dat ’n beskermingsbevel deur die hele Republiek afdwingbaar is.

3.12 **Klousule 12** maak voorsiening vir die betekening van dokumente op die wyse soos voorgeskryf by regulasie deur ’n klerk van die hof, die balju of ’n vredesbeampte of op ’n wyse deur die hof gelas.

3.13 **Klousule 13** maak voorsiening dat kostebevele slegs teen ’n persoon gemaak kan word indien sodanige persoon op ’n beuselagtige, kwelsugtige of onredelike wyse opgetree het.

3.14 **Klousule 14** bepaal dat die verrigtinge beoog in die voorgestelde Wetsontwerp onderhewig is aan appèl en hersiening.

3.15 **Klousule 15** kriminaliseer die volgende optrede:

(a) ’n Oortreding van die voorwaardes van ’n beskermingsbevel;

(b) die maak van ’n valse verklaring ten opsigte van ’n oortreding van ’n beskermingsbevel; en

(c) die openbaarmaking van inligting van die klaer strydig met ’n lasgewing van ’n hof.

3.16 **Klousule 16** magtig die Minister om regulasies uit te vaardig om aangeleenthede relevant tot die implementering van die Wetsontwerp verder te reguleer.

3.17 **Klousule 17** maak, *inter alia*, voorsiening vir die uitreiking van beleidsvoorskrifte deur die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings betreffende die instelling van vervolgings van misdrywe en vir die uitreiking van nasionale instruksies deur die Nasionale Kommissaris van die SAPD om die optrede van polisiebeamptes kragtens die voorgestelde wetgewing te reguleer. Die voorskrifte en instruksies moet voorsiening maak vir die doen van dissiplinêre stappe teen ’n polisiebeampte of aanklaer vir ’n versuim om daaraan te voldoen.

3.18 Die Wetsontwerp stel ook wysigings aan die volgende Wette voor:

(a) Artikel 384 van die Strafproseswet, 1955, wat handel oor oplegging, onder sekerheidstelling, van verpligting om vrede te bewaar, word gewysig om die doeltreffendheid daarvan te verbeter. Die voorgestelde wysigings hou, *inter alia*, verband met die bewyslas, die bedrag wat betaal moet word as sekerheid dat die vrede bewaar sal word en ’n meganisme waarkragtens getuies gedagvaar of gewaarsku mag word om hofverrigtinge by te woon. Hierdie wysigings is daarop gerig om die prosedure vir aansoek van bevele om die vrede te bewaar te verbeter.

(b) Artikel 60 van die Strafproseswet, 1977, wat handel oor borgaansoeke, word gewysig om voorsiening te maak dat die veiligheid van enigiemand teen wie ’n misdryf na bewering gepleeg is, in ag geneem moet word om te bepaal of ’n beskuldigde persoon op borgtog vrygelaat behoort te word.

(c) Die Wet op Gesinsgeweld, 1998, word gewysig om ’n meganisme te skep waarkragtens getuies gedagvaar of gewaarsku kan word om hofverrigtinge by te woon. Die oogmerk van hierdie wysiging is om die werking van daardie Wet te verbeter.

4. IMPLEMENTERINGSPLAN

Die implementering van die Wetsontwerp vereis nie uitvoerige implementeringsplanne nie.

5. DEPARTEMENTE EN PARTYE GEKONSULTEER

5.1 Die SAR het ’n Vraagstukdokument en Besprekingsdokument op die Wetsontwerp gepubliseer en insette aangevra. Insette is ontvang van vele insethouers, onder meer van individuele landdroste, die SAPD, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Nasionale Vervolgingsgesag, die Kommissie op Geslagsgelykheid, akademici, lede van die regsgemeenskap en die verteenwoordigers van NRO’s.

5.2 Die Wetsontwerp is ook gepubliseer vir publieke kommentaar in die

inter alia, received from the South African Catholic Bishops' Conference, the organization LLitha Labantu, the Women's Legal Centre, the Justice Alliance of South Africa, the Commission on Gender Equality, the South African National Editors' Forum and various individuals.

6. ORGANISATIONAL AND PERSONNEL IMPLICATIONS

An increase in the workload for clerks of the court and magistrates may be expected. Although there are similarities between the procedures envisaged in the Bill and that of the Domestic Violence Act, 1998, training initiatives for clerks of the court and police officials will have to be introduced.

7. FINANCIAL IMPLICATIONS

Funds will be required for the training of clerks of the court and police officers. This will be covered within the existing budgetary frameworks of the Departments concerned.

8. COMMUNICATION IMPLICATIONS

The Public Education and Communication component of the Department will assist with public awareness initiatives.

9. CONSTITUTIONAL IMPLICATIONS

The State Law Advisers are of the view that the provisions of the Bill are consistent with the Constitution.

10. PARLIAMENTARY PROCEDURE

10.1 The State Law Advisers and the Department of Justice and Constitutional Development are of the opinion that this Bill must be dealt with in accordance with the procedure established by section 75 of the Constitution since it contains no provision to which the procedure set out in section 74 or 76 of the Constitution applies.

10.2 The State Law Advisers are of the opinion that it is not necessary to refer this Bill to the National House of Traditional Leaders in terms of section 18(1)*(a)* of the Traditional Leadership and Governance Framework Act, 2003 (Act No. 41 of 2003), since it does not contain provisions pertaining to customary law or customs of traditional communities.

Staatskoerant. Kommentaar is, *inter alia*, ontvang van die South African Catholic Bishops' Conference, die organisasie LLitha Labantu, die Women's Legal Centre, die Justice Alliance of South Africa, die Kommissie op Geslagsgelykheid, die South African National Editors' Forum en verskeie individue.

6. ORGANISATORIESE EN PERSONEELIMPLIKASIES

'n Toename in die werklas van klerke van die hof en landdroste kan verwag word. Hoewel daar ooreenkomste is tussen die prosedures beoog in die Wetsontwerp en dié van die Wet op Gesinsgeweld, 1998, sal opleidingsinisiatiewe vir klerke van die hof en polisiebeamptes bekend gestel moet word.

7. FINANSIËLE IMPLIKASIES

Fondse sal benodig word vir die opleiding van klerke van die hof en polisiebeamptes. Dit sal gedek word binne die huidige begrotingsraamwerke van die betrokke Departemente.

8. KOMMUNIKASIE-IMPLIKASIES

Die komponent Publieke Opvoeding en Kommunikasie van die Departement sal help met publieke belangstellingsinisiatiewe.

9. GRONDWETLIKE IMPLIKASIES

Die Staatsregsadviseurs is van oordeel dat die bepalings van die Wetsontwerp nie strydig is met die Grondwet nie.

10. PARLEMENTÊRE PROSEDURE

6.1 Die Staatsregsadviseurs en die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling is van oordeel dat met hierdie Wetsontwerp ooreenkomstig artikel 75 van die Grondwet gehandel moet word, aangesien dit geen bepaling bevat waarop die prosedure in artikel 74 of 76 van die Grondwet uiteengesit, van toepassing is nie.

6.2 Die Staatsregsadviseurs is van mening dat dit nie nodig is om hierdie Wetsontwerp na die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers ingevolge artikel 18(1)*(a)* van die "Traditional Leadership and Governance Framework Act, 2003" (Wet No. 41 van 2003), te verwys nie, aangesien dit geen bepalings bevat wat op inheemse reg of gebruike van tradisionele gemeenskappe betrekking het nie.

Gedruk deur Creda Communications

ISBN 978-1-77037-623-6